BLOEMFONTEIN BAPTISTE

Datum: ______________________

# BRIEWE VIR DIE KERK

## DEEL 7: LAODISEA – WEES 'N WARE GETUIE

**Openbaring 3:14(AFR20)** “Skryf aan die boodskapper van die gemeente in Laodisea: “Dit sê die Amen, die getroue en ware getuie, die begin van God se skepping,

> **2 Korintiërs 1:19-20** want Jesus Christus, die Seun van God, wat ons, dit is ek en Silvanus en Timoteus, aan julle verkondig het, is nie "ja" en "nee" tegelyk nie. Hy is die "ja" van God, [20] die "ja" op al die beloftes van God. Daarom is dit ook deur Christus dat ons tot eer van God daarop "Amen" sê.

> **Kolossense 1:15** Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping.

> **Kolossense 1:18** Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem.

---

---

---

**Openbaring 3:15-17(AFR20)** “ ‘Ek ken jou dade, dat jy nóg koud, nóg warm is. Was jy nou maar koud of warm! [16] Maar omdat jy louwarm is – nóg warm, nóg koud – gaan Ek jou uit my mond spoeg. [17] Omdat jy sê, “Ek is ryk, ek het skatryk geword, en het aan niks gebrek nie,” en nie besef dat jy ellendig en bejammerenswaardig, brandarm, blind en naak is nie,

> **2 Korintiërs 4:18** Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.

> **2 Corinthians 13:5(MSG)** Test yourselves to make sure you are solid in the faith. Don’t drift along taking everything for granted. Give yourselves regular checkups. You need firsthand evidence, not mere hearsay, that Jesus Christ is in you. Test it out. If you fail the test, do something about it.

---

---

---

---

**Openbaring 3:18-22(AFR20)** raai Ek jou aan om by My goud te koop wat deur vuur gesuiwer is, sodat jy ryk kan wees; en wit klere, sodat jy jou kan aantrek, en die skaamte van jou naaktheid nie sigbaar word nie; en salf om aan jou oë te smeer, sodat jy kan sien. [19] Diegene wat Ek liefhet, berispe en tug Ek: Wees dan ywerig en bekeer jou! [20] Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe, en saam met hom eet, en hy saam met My. [21] “ ‘Wie oorwin, sal Ek saam met My op my troon laat sit, net soos wat Ek ook oorwin het, en saam met my Vader op sy troon sit. 22 Laat dié wat ore het, luister na wat die Gees aan die gemeentes sê.’ ”

> **Johannes 15:5** Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.

---

---

---

*← Skandeer hier om jou te neem na die kaart met strate waarvoor ons bid. Indien jou straat nie daar is of jy een wil bysit, stuur 'n epos na: cezanne@kerk.co.za*

*Alle verse uit AFR83 behalwe waar anders aangedui*